Camp Discovery
(Pty) Ltd Game Reserve
Leadership, Sport and Adventure Academy

Company Reg. No. 2002/019899/07

P.O. Box 11328
Hatfield
0028

Tel: 012 722 0072
Fax: 012 722 0073
Email: info@campdiscovery.co.za

Geagte Skoolhoof en Netbalorganiseerder,

NETBAL VIR LAERSKOLE
AANGEBIED DEUR TuksNetbal

MEER OOR CAMP DISCOVERY

Camp Discovery, in samewerking met TuksNetbal, bied weereens bekostigbare netbalklinieke aan vir o/9 tot o/13-spanne!

Camp Discovery is `n 270-hektaar wildreservaat 60km noord van Pretoria in die Dinokeng-bewaringsgebied. `n Verskeidenheid wild-, voël- en boomspesies kom hier voor in `n tipiese bosveldhabitat. Gereelde wildbesigtigingsritte is deel van die program. `n Verskeidenheid van wild soos elande, kameelperde, swartwitpense, bastergemsbokke, gemsbokke, waterbokke, rooihartebeeste, koedoes, rooibokke, blouwildebeeste, springbokke, rietbokke, bosbokke, zebras, njalas, duikers, steenbokkies en vlakvarke word gereeld gesien. Daar word ook geteel met goue wildebeeste en swart rooibokke.

Ons terrein en fasiliteerders is van uitstekende gehalte. Aktiwiteite wat waarde toevoeg tot die program is onder andere fietsritte, boogskiet, hindernisbane en ons uitstekende spyskaart!

Die program behels professionele afrigting gedurende die oggendsessies, sowel as spanbou-aktiwiteite. Wedstryde vind in die middae plaas. By Camp Discovery het ons ten doel om werklik `n verskil in jongmense se lewens te maak en daarom bied ons vir die speler meer as net die afrigting en wedstryde.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TuksNetbal maak gebruik van die volgende afrigters:

- Jenny van Dyk - TuksNetbal Hoof afrigter, Gateng Jaguars (Brutal fruit Netball Premier League kampioene), SA u19 Region V games wenners (2016), Gauteng Senior Dames A (SPAR National Champs 2017 titel houers) en assistent afrigter vir die SPAR Protea span gedurende die quad series.
- Provisiale spelers en afrigters (huidige en voormalige Gauteng o19, o21 en Senior Spelers en afrigters).

DATUMS

Kliniek 1	o/9 – o/13	9 – 11 Maart 2018
Kliniek 2	o/9 – o/13	16 – 18 Maart 2018
Kliniek 3	o/9 – o/13	28 – 31 Maart 2018

KOSTE

- Kliniek 1 = **R1 320.00** per speler
- Kliniek 2 = **R1 320.00** per speler
- Kliniek 3 = **R1 700.00** per speler
- 1 afrigter gratis per span van 7 spelers
- Addisionele afrigters : Gebruik asseblief akkommodasie in die omgewing (Ons kan meer inligting hieroor verskaf)

  (Alle aktiwiteite is ingesluit by die prys)

DIE KOSTE SLUIT DIE VOLGENDE IN:

- Gerieflike en netjiese akkommodasie
- Gebalanseerde etes
- Goed opgeleide fasiliteerders om na u spanne om te sien
- Wedstryde & Netbalspesifieke kliniek
- 'n Wildrit vir spelers en afrigters
- Spanbou-aktiwiteite soos die letteriabaan, hindernisbaan, groepsdinamikabaan, "bundu race", fietsritte, skyfskiet, boogskiet, swembadspele en nagmarse
- Aandvermaak vir groepe soos sokkies, kampvuurkonserte, modeparades, dvd-aande en kareoke kompetisies
- Noodhulp gedurende wedstryde
- Spelers bring eie beddegoed en eetgerei
- Afrigters se chalets ten volle toegerus (bring eie handdoek)

Klinieke

- Professionele groep-, span-, en individuele afrigting
- Motiveringsessies
- Offisiële, gesertifiseerde, sport-spesifieke "strapping" kursus en sertifikaat

Skole/Spanne moet hulle eie noodhulpsak en "strapping" materiaal saambring.

'n Deposito van R 1000,00 per span is noodsaaklik om u plek te bevestig. Betaal asb u deposito in die volgende rekening in (Gebruik asb u skool se naam & "Netbal" as verwysing):

Camp Discovery (Pty)Ltd
FNB Hatfield
Takkode : 25 21 45
Rekening no : 62101822668

Stuur asb u inskrywingsvorms so gou moontlik terug om teleurstelling te voorkom!

Vir enige navrae oor hierdie Netbalklinieke, kontak asb vir Natasha by 012 722 0072 gedurende kantoorure of epos haar by info@campdiscovery.co.za.

Besoek gerus ook ons webwerf by www.campdiscovery.co.za.

Ons sien daarna uit om u by ons pragtige terrein en opwindende Netbal-klinieke te verwelkom!

Camp Discovery Groete,

Marie van Deventer
Bemarkingsbestuurder
Sel: 082 697 1415
Epos: marketing@campdiscovery.co.za

Camp Discovery

Netbal
Inskrywingsvorm
2018

Naam van skool: _____

Tel: _____ Faks: _____

Organiseerder: _____ Sel: _____

Datum van kliniek: _____ Epos: _____

Ouderdoms-groep	Aantal spelers per span (Maks. 9 per span)	Aantal afrigters	Deposito R1000 per span	Totale bedrag betaalbaar 21 dae vooraf
o/9				
o/10				
o/11				
o/12				
o/13				

☐ Deposito reeds betaal.

☐ Strokie/bewys aangeheg.

☐ Onderneem om die totale bedrag 21 dae voor aanvang van die kliniek in te betaal.

Faks asb besprekingsvorm na 012 722 0073 of 086 516 7634 of epos dit na info@campdiscovery.co.za

Hoof (Naam):_____ **Signature:**_____

Date: _____